# Om uit die diep swart gat te klim

31 Aug 2001

Ons het ‵n paar jaar gelede ‵n put naby ons huis gegrawe en toe ek die middag na werk by die huis kom besluit ek om met die put af onder toe te klim om die bodem te inspekteer waar die werkers die hele dag gewerskaf het. Die gat was alreeds 12 tot 14 meter diep en die boonste derde het penne gehad wat in die kante van die skag gekap was om die klim te vergemaklik. Vir die res van die pad ondertoe was daar vastrapplekke hier en daar uit die mure gekap. Daar klim ek toe na onder. Ek was alreeds moeg ná ‵n lang dag se werk, en teen die tyd dat ek die bodem bereik het, was ek nogal uitgeput. Ek het vergeet dat ek nie meer so jonk en rats was nie, en terwyl ek daar onder in die diep, donker gat staan, het die klim boontoe skielik vreeslik gelyk. Ek was alleen – ‵n dom fout – en soos die laatmiddag vinnig besig was om te kwyn, het ek besef dat ek geen tyd gehad het om te mors nie – ek moes uitklim.

### Amper geval

Omtrent agt meter na bo het ek amper gegly, en vrees het my beetgepak. Ek het aan die kant vasgeklou en gevoel hoe my krag met elke oomblik kwyn. Dit is ‵n skrikwekkende posisie om in te wees – wanneer mens alleen is en dit nie lyk asof jy dit gaan maak nie! Ek het geweet dat ek nie die luuksheid van tyd of vrees kon bekostig nie. Ek moes iets doen – en baie vinnig. Ek het ‵n skietgebedjie gebid – "HELP!" – en al die moed en krag wat ek gehad het, bymekaar geskraap om aan te hou klim. Elke vastrapplek was een vastrapplek nader aan bo

– maar potensieel ook ‘n verder afstand om te val as ek sou gly. Op, op, op het ek geklim totdat ek uiteindelik die staal penne bereik het. Dit het ‘n klein bietjie veiliger gevoel, maar ek het nog twee meter oorgehad om te klim. Op, op, op totdat ek uiteindelik oor die rand na veiligheid geklim het. Daar het ek vir ‘n ruk op die naat van my rug gelê en vir God bedank vir die moed en krag wat Hy vir my gegee het.

Ek geniet dit om te klim en ek raak gewoonlik nie maklik bang nie. Maar daar was verseker al ‘n paar spannende oomblikke – soos die keer wat ek baie hoog op ‘n alleenstaande rots was – my eie dwaasheid om dit sonder toue te klim. Toe ek besef dat dit te gevaarlik was om terug te klim soos wat ek opgekom het, het ek besluit om oor ‘n diep afgrond na ‘n ander rots ‘n hele paar meter verder ondertoe te spring. Enige fout, en ek sou op die skerp rotse in die skeur tot my dood toe val. Ek het ‘n lang tyd op daardie rots gesit en my volgende beweging oorweeg. Ek was bang maar ek het geweet dat daar geen ander alternatief was nie. Ek moes eenvoudig so hard en ver as moontlik spring. So bang soos ek was, het ek dit gedoen. Daardie keer het ek met twee gebreekte hakskene en drie maande in ‘n rolstoel opgeëindig – maar ek het darem – net net – lewendig op die grond beland!

### Krisistye

Daar is krisistye in mens se lewe waar mens elke greintjie moed en krag bymekaar moet skraap. Fisiese tye soos daardie wat ek hierbo beskryf het, is geensins anders as emosionele tye van vrees wat ons soms moet verduur nie – alhoewel die emosionele tye van stres dalk

veel langer duur. Daar was so ‘n keer toe my maatskappy baie naby aan bankrotskap gekom het en die finansiële druk byna meer was as wat ek kon verduur. Die rede vir my krisis was regtig as gevolg van my eie swak finasiële bestuur, maar dit was moeilik om toe te kyk hoe alles skeefloop. ‘n Mens is geneig om te wil vra, “Waarom ek, Here?” Dié van julle wat al daar was, sal weet waarvan ek praat.

Dit was gedurende daardie tyd dat ek ‘n noodsaaklike lewensles geleer het. In die vroeë oggendure het ek gebid – na die Here uitgeroep om my te help. Tydens my Skriflesing het die volgende teksvers na my uitgespring en ek het geweet dit was God wat met my praat:

> *Spr 24:10 “Gedra jy jou slap in die dag van benoudheid, dan skiet jou krag te kort.”*

Ek het geweet dat ek saam met al die gebed in die wêreld nogsteeds elke greintjie moed en krag wat ek gehad het, sou moes gebruik om uit daardie finansiële gat te klim. Ja, God sou my help – maar nie met anonieme donasies nie! Hy sou my eerder daagliks wysheid gee om goed te beplan en my pad na finasiële vryheid te werk. Wonderbaarlik en met baie harde werk het ek tien maande later my laaste skuld betaal en was ek finansieel vry.

**Vasberadenheid in onmoontlike tye**

Die beginsels wat ek daar geleer het, was ‘n ou uitdrukking wat sê, *”God help dié wat hulleself help!”* Ja, ons moet geloof hê – en ons moet daardie geloof in Hom beoefen. Maar dit verg ook pure vasberadenheid wanneer alles vir ‘n mens sê om op te gee. En dit is die

plek waar baie van ons onsself in Zimbabwe (en Suid-Afrika) bevind.

Ek het verlede naweek na Kadoma gereis en hoe verpletterend was dit nie om te sien hoe plaas ná plaas deur die sogenaamde oorlogsveterane moedswillig uitgebrand is nie. Hoe swart het die landskap gelyk! Baie van hierdie plase het hul weivelde verloor, of ten minste groot gedeeltes daarvan, en om skielik weiding vir duisende beeste in die hande te kry wanneer die naburige plase ook afgebrand het, moes verpletterend wees. Ek simpatiseer met julle.

**Diefstal**

Daar was verlede naweek 'n groot inbraak by my fabriek. Ek besit 'n gietery, en soos julle miskien weet, gebruik 'n mens patrone (vorms) wat uit aluminium gemaak is, en dié vorms word dan gebruik om die gietstukke te vervaardig. Die patrone is die fondasie van die maatskappy. Daarsonder sal daar geen produksie wees nie. Nou ja, diewe het oor die naweek ingebreek en 'n groot gedeelte van ons patrone gesteel – wat meer as 50% van ons produksie verteenwoordig en 'n paar miljoen dollar werd is. Dinsdag het ek verpletterd gevoel. Waarheen gaan ek van hier? Om die patrone te vervang, kon maklik twee jaar se werk wees.

Dit was tyd om diep binne te reik na daardie innerlike moed en krag wat net God kan gee. Dit was tyd om gedagtes van bitterheid en haat te weier. Net soos om aan die binnekant van die put se muur vas te klou, kan ons nie die bekostig om gedagtes van woede of selfbejammering te koester nie. Daardie dinge sal

veroorsaak dat mens jou greep verloor en val! Ons moet bly vashou, opkyk en weer begin klim, een vastrap op 'n slag, een dag op 'n slag. Ons moet seker maak dat elke besluit wat ons neem, 'n stewige vastrapplek sal wees wat ons hoër sal neem. Besluite lei na dade en elke daad het gevolge. Daardie besluite wat langtermyn oplossings bevat, sal ons hoër en hoër neem, en dit is dus die besluite wat ons moet neem.

**Wat gee ons hoop?**

Wat is dit wat vir ons hoop gee? Net God se Woord – die Bybel. Lees dit. Bedink dit. Hou aan sy beginsels vas en maak dit jou eie. Ons verstaan nie altyd hoekom dinge met ons gebeur nie. As 'n mens probeer om dit te verstaan, dink ek sal ons mal word. So moenie probeer nie. Kom ons hou eerder ons oë op die groter prentjie gerig. Dit is relatief maklik om te verstaan. Daardie prentjie is dan soos volg:

- God is 'n goeie God en Hy is lief vir ons.
- Die waarheid sal op die ou altyd end seëvier.
- Die sonde vernietig mense (individue sowel as volke), en dit wat ons om ons in die land sien gebeur, is eenvoudig die gevolge van mense wat God se wette verwerp en kies om dinge op hulle eie manier te doen, naamlik sonde.
- Hoe nader mens na God beweeg, hoe meer begin dinge sin maak; Hy ***het*** ná alles gesê dat hierdie ou wêreld erger en erger sal raak (2Timótheüs 3).
- Jesus kom weer om alle dinge reg te stel.

- Totdat Hy egter terugkeer, is dit ons missie om die *sout vir die aarde te wees* – om 'n verskil te maak waar ons is – om mense nader aan God te bring.

Kom dus nader aan God en hou aan klim, liewe vriend. Moenie toelaat dat die bose oorwin nie. Moenie dat jou hande in jou tyd van nood slap word nie. Dit sal veroorsaak dat jy struikel. Gryp in geloof in jou Hemelse Vader elke stukkie moed en krag aan wat jy het, en klim op na boontoe.

Met baie liefde aan elkeen van julle,

*Henry D Jackson*